TYDSDUUR: 40 minute

CONQUESTA is 'n lid van ASTEMI SCIENCE TECHNOLOGY ENGINEERING MATHEMATICS INNOVATION OLYMPIADS & COMPETITIONS

© Kopiereg

CONQUESTA 2020

Gryp die uitdaging!

031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com

Vraestelle moet in STRENG NUMERIESE VOLGORDE volgens studente nommer terug-gestuur word. As 'n student meer as een vak skryf, moet sy/haar vraestelle asseblief saam in volgorde gehou word. Dankie.

Lewensvaardighede 1 *(Persoonlike en Sosiale Welsyn & L.O.)* – Graad 1

Welkom by ons Conquesta Olimpiade.
Lees al die vrae noukeurig.
(Onderwyserbystand word toegelaat deur die teks hardop uit te lees.)
Jy moet besluit watter een is die regte antwoord vir elke vraag – en dan 'n sirkel rondom (a), (b), (c) of (d) aan die regterkant van elke vraag trek. Jy mag net een antwoord vir elke vraag kies.

Voorbeeld: **Wanneer jy iets vra, gebruik jy die woord: …… .**	(a) dankie	(b) sterkte	(c) asseblief	(d) goeiste

Bestudeer die teks onder en omkring die korrekte antwoorde vir vrae 1 – 5.

Ons gebruik almal daagliks die toilet.

Daar is belangrike reëls wat ons moet volg om toilette skoon te hou en so ook onsself gesond te hou.

1.	**Ons moet ons hande was …… ons die toilet gebruik het.**	(a) voor	(b) nadat	(c) terwyl	(d) nooit
2.	**Wat moet ons doen nadat ons die toilet gebruik het?**	(a) skoon-maak	(b) net uitstap	(c) die toilet was	(d) die toilet laat spoel
3.	**Die persoon wat 'n toilet regmaak, is 'n …… .**	(a) onder-wyser	(b) lood-gieter	(c) elektrisiën	(d) dokter

4.	**Wat dui hierdie teken aan buite 'n toilet?**	(a) Slegs seuns mag die toilet gebruik.	(b) Slegs meisies mag die toilet gebruik.	(c) Hierdie is 'n toilet vir gestremde mense.	(d) Daar is 'n rolstoel binne die toilet.
5.	**Watter een is *nie* korrek *nie*; as jy dit doen?**	(a) Gooi jou snesies in die vullisdrom.	(b) Hang die handdoek op na jou hande afgedroog is.	(c) Gooi toiletpapier op die vloer.	(d) Vertel 'n volwassene as die toilet nie werk nie.

Lees die onderstaande teks en omkring die korrekte antwoorde vir vrae 6 – 10.

Ons moet ons liggame skoon en gesond hou.
Ons moet daagliks bad of stort, en behoorlik agter ons ore te was en ons voete skoon.
Ons moet ook gereeld ons hare was.

6.	**Om water te spaar, moet ons …… .**	(a) elke aand was in 'n propvol bad	(b) slegs een keer per week bad	(c) vinnig stort of in vlak water bad	(d) slegs reukweerder gebruik
7.	**Waarmee was ek my hare?**	(a) 	(b)	(c) 	(d)
8.	**Waarom moet my voete en naels skoon wees?**	(a) Om my ma gelukkig te hou.	(b) Dit voorkom dat kieme versprei.	(c) Sodat my klere skoon bly.	(d) Sodat my boeke skoon bly by die skool.

Voorbeeld